



AFRIKAANS A1 – STANDARD LEVEL – PAPER 2
AFRIKAANS A1 – NIVEAU MOYEN – ÉPREUVE 2
AFRIKÁANS A1 – NIVEL MEDIO – PRUEBA 2

Wednesday 18 November 2009 (morning)

Mercredi 18 novembre 2009 (matin)

Miércoles 18 de noviembre de 2009 (mañana)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Answer one essay question only. You must base your answer on at least two of the Part 3 works you have studied. You may include in your answer a discussion of a Part 2 work of the same genre if relevant. Answers which are not based on a discussion of at least two Part 3 works will not score high marks.
- You are not permitted to bring copies of the works you have studied into the examination room.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Traitez un seul sujet de composition. Vous devez baser votre réponse sur au moins deux des œuvres de la 3^e partie que vous avez étudiées. Le cas échéant, vous pouvez inclure dans votre réponse une discussion sur une œuvre du même genre littéraire étudiée dans la 2^e partie du programme. Les réponses qui ne sont pas basées sur au moins deux des œuvres de la 3^e partie n'obtiendront pas une note élevée.
- Vous n'êtes pas autorisé(e) à amener des exemplaires des œuvres que vous avez étudiées dans la salle d'examen.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Elija un tema de redacción. Su respuesta deberá basarse en al menos dos de las obras estudiadas en la Parte 3. Se podrán hacer comentarios sobre una obra de la Parte 2 del mismo género, si fuera necesario. Las respuestas que no incluyan una discusión sobre al menos dos obras de la Parte 3 no recibirán notas altas.
- No se permite traer a la sala de examen copias de las obras estudiadas.

Skryf 'n opstel oor een van die volgende. Jy moet jou antwoord baseer op ten minste twee van die Deel 3 werke wat jy bestudeer het. Jy mag in jou antwoord 'n bespreking van 'n Deel 2 werk van dieselfde genre insluit indien relevant. Antwoorde wat nie gebaseer is op ten minste twee Deel 3 werke nie, sal nie 'n hoë punt behaal nie.

Drama

1. “Die drama as genre word gekenmerk deur 'n intense chemie tussen 'n protagonis en 'n antagonis.” Oorweeg die geldigheid van dié stelling deur te verwys na die konflik in ten minste twee van die gelese dramas.
2. Danksy die dramatiese aard van dié genre beweeg gebeure onvermydelik na 'n klimaks waar groeiende konflik tot uiting kom. Deur te verwys na ten minste twee dramas bespreek die beweging tot 'n klimaks en vergelyk die wyse waarop die dramaturge die klimaks ontknoop het.

Poësie

3. “In uitnemende poësie word emosie altyd deur denke gedissiplineer.” Deur die werke van ten minste twee bestudeerde digters te vergelyk, oorweeg die geldigheid van die stelling.
4. Dikwels gebruik digters 'n natuurmoment of 'n kyk op 'n bepaalde landskap om tot 'n sintese te kom aangaande hul eie emosionele stand. Deur na die werke van ten minste twee digters te verwys, toon aan hoe die eksterne werklikheid die innerlike werklikheid van die digter kan belig.

Roman

5. Die breed opgesette roman is gewoonlik gebou rondom 'n sentrale intrige en een of meer neue-intriges. Oorweeg die wyse waarop romansiers wat jy bestudeer het neue-intriges benut om die ontwikkeling van die hoofintrige te rig.
6. Die Afrikaanse roman besit dikwels 'n sterk sosio-politieke karakter. Deur te verwys na ten minste twee romans, bespreek die rol wat sosiale en politieke omstandighede speel in die ontvouing van die romans.

Kortverhaal

7. Die kortverhaal is 'n storie met 'n begin en 'n einde. Soms kan die slot reeds in die openingsparagraaf vermoed word. In ander stories bring die slot 'n verbluffende verrassing. Deur te verwys na die bestudeerde verhale toon aan hoe die skrywers met vermoedens of verrassings werk en watter effek die tegniek op die leser het.
8. “Sommige karakters se lewensloop is direk toe te skrywe aan kragte en swakhede in hul karaktersamestelling.” Deur te verwys na ten minste twee kortverhale demonstreer hoe karakters hul eie lewenstrajek bepaal.

Algemeen

9. Die Afrikaanse letterkunde vertel die verhaal van die Afrikaanssprekendes in Afrika. Watter insigte het jy gewen in die storie van Afrikaanssprekendes deur die gelese werke?
 10. “Die toenemende toetrede van vroueskrywers tot die Afrikaanse letterkunde bring belangrike nuwe perspektiewe op menswees.” Reageer op die stelling met voldoende toeligting uit gelese werke.
 11. Die temas in die Afrikaanse letterkunde weerspieël universele kwessies, maar ook kwessies wat pertinent betrekking het op die spraakgemeenskap self. Watter spesifiek Afrikaanse kwessies het jy in jou leeswerk teengekom? Watter kwessies sou jy as universeel beskou?
 12. “In die letterkunde gaan dit uiteindelik om een ding: die soeke na sin en betekenis.” Kan jy met die stelling identifiseer? Verwys na gelese werke in jou respons.
-